
Jh 2:17; Num 25:1-13 : HET JY YWER VIR DIE HERE?

No.E236

Tydens die eerste jare na my bekering het ek ywer vir die Here as die uitnemende merkteken van ware Christenskap beskou. As jy aan die brand was vir die Hom, het ek jou as 'n ware broer of suster beskou. Was jou Christenskap egter bedoord en teruggetrokke, het daar wat my betref 'n ernstige vraagteken oor die egtheid van jou Christenskap gehang.

Vandag weet ek dat ek destyds 'n onbetroubare maatstaf aangelê het. Deur die jare het ek immers heelparty mense gesien wat op 'n stadium witwarm gegloei het, maar mettertyd heeltemal koud geraak het. En ek het beleef hoe mense se ywer hulle soms tot stommiteite verlei wat mens nooit met die weë van die Here kan assosieër nie.

Sonder om nou die vraag te probeer beantwoord wat dan wel betroubare merktekens van egte Christenskap is, wil ek tog enkele gedagtes oor Christelike ywer met u wissel.

Belangrik en noodsaaklik

Die feit dat ywer vir die Here nie die allermaatstaf vir outentieke Christenskap is nie, moet ons nie verlei om dit gering te skat nie. In Tit 2:14 skryf die apostel dat Christus Homself juis vir ons oorgegee het sodat ons ywerig in goeie werke kan wees. En in die Skrifgedeeltes wat ons gelees het, het ons gesien dat ywer 'n uitstaande en lewenslange karaktertrek van ons Here Jesus was. En in Pinehas se geval het die feit dat hy vir God geywer het die Here kennelik tot so 'n mate behaag, dat Hy met Pinehas en sy nageslag 'n seënverbond gesluit het.

En, let op, in beide gevalle was dit meer as 'n

emosie. Dit het Jesus en Pinehas aangevuur om op radikale wyses op te tree – wyses waarvoor baie min van ons sou kans sien. Trouens, wat hulle gedoen het, sou beide van hulle onmiddellik die gramskap van 'n baie groot deel van die kontemporêre kerk op die hals gehaal het. In een geval is die tempel van die Here in chaos gedompel; in die ander is mense op 'n wrede manier dood gemaak, of tereg gestel.

Kyk mens na die uitstaande karakters in die Bybel, sien jy gou-gou dat hulle almal vol ywer vir die Here en Sy eer was.

Dink maar in die Ou Testament aan Moses. Dink aan Dawid wat die magtige Goliat as 't ware kaalhande gepak het ter wille van God se eer. Dink aan Amos wat vreesloos sy plaas verlaat het om die Here se Woord in Israel te gaan verkondig.

In die Nuwe Testament is die uitstaande voorbeeld, behalwe vir die Here Jesus, seker Paulus. Ons lees in 2Kor 11:23-28 dat hy voortdurend die vreeslikste ontberinge en gevare getotseer het om die evangelie na die heidene toe uit te dra. In die volgende vers beskryf hy sy ywer dat mense die Here moet dien en verheerlik – tot so 'n mate dat dit vir hom was asof hy deur vuur gaan as hy hoor dat van die bekeerlinge weer in sonde geval het. En in FI 3 lees ons van sy ywer om die Here steeds beter te leer ken, en dat hy met minagting al die kompensasies van hierdie lewe verag het om Christus as wins te verkry.

Soos mens kan verwag, is die kerk- en sendinggeskiedenis boordevol voorbeelde van mense wie se ywer vir die Here hulle as 't ware verteer het. Dink maar aan 'n Luther wat, toe mense hom wou weerhou om met lewensgevaar voor die Ryksdag in Worms te gaan verskyn, uitgeroep het: "Al skuil daar 'n duiwel onder elke daksteël in Worms, sal ek steeds gaan om vir God se waarheid te getuig." Dink aan 'n C.T. Studd en sy motto: "Some people like to live and dwell within the sound of church and chapel bell; but I want to run a rescue shop within a yard of hell."

Hoeveel te meer geld Hb 11:32-38 se beskrywing van gelowiges vóór Christus nie vir hulle wat ná die koms van die Heilige Gees leef nie?

Daar is goeie redes waarom die Bybel 'n hoë premie op ywer vir die Here plaas. Daarsonder kan ons nie werklik lewens lei wat Hom verheerlik nie. Dan is ons lusteloos en voetslepend en geneig tot kompromie. En ons almal weet hoe die Here 'n lou lewe verag. Tewens, as jy in sonde geval het, kry jy nie daaruit losgebreek sonder ywer nie. Vir die gemeente van Laodisea sê die Here Jesus: "Wees dan ywerig en bekeer jou" (Op 3:19).

Die van ons wat al 'n entjie op die pad van die Here is, sal onthou watter sleurgang die Christelike lewe geword het die kere toe ons ywer getaan het. Waarlik, as ek wil verseker dat my wedloop 'n vreugde is, moet ek hierdie saak nie geringskat nie.

Vals ywer

Wat tot nou toe gesê is, moet ons egter nie verlei om te dink dat alle ywer maar in orde is nie. Ongeveer die helfte van die Bybel se verwysings daarna kom voor in beskrywings van en waarskuwings teen vals ywer. Soos iemand gesê het, ywer is soos vuur – dit moet sowel gestook as opgepas word.

Dink maar aan Jakobus en Johannes wat vuur wou laat reën op die Samaritaanse dorp (Lk 9:54). En dink aan Petrus wat Malchus se oor afgekap het (Jh 18:10-11). Maar veral word baie aandag in die Bybel gegee aan die godsdienstige Jode se vals ywer sonder kennis, liefde en wysheid (Rm 10:2). Voorts skryf Paulus meermale oor sy eie misplaaste ywer voor hy tot bekering gekom het. Só stel hy dit in Gl 1:14: "ek was 'n fanatieke yweraar vir die oorgeleerde leer van my voorvaders" (vgl. ook Hd 22:3; FI 3:6).

Deur die eeue is beswaarlik meer afstootlike hoofstukke in die geskiedenis van die mensheid geskryf as dié met die pen van misplaaste godsdienstywer. Vandag dra amper elke koerant een of meer berigte oor die gruweldade van fundamentalistiese Islam. Maar nooit is dit meer tragies as wanneer afgryslikhede in dwase onkunde in die Naam van Christus gepleeg word nie. Só het dit helaas dwarsdeur die geskiedenis gebeur. Dink maar aan die kruistogte van die twaalfde en

dertiende eeue. Dink aan die tienduisende gelowiges wat tydens en na die Reformasie gewelddadig gesterf het aan die hand van 'n valse kerk.

Maar selfs al is daar nie geweld ter sprake nie, word onherstelbare skade gedoen deur onkundige Christene wat meer ywer as diskresie het.

Wat is dan ware ywer?

Suiwer Bybelse ywer is 'n hartserns en vurige toewyding wat gerig is op God se eer. Dit wil Hom dus behaag en in diens staan van Sy saak. Dit wil Sy faam in hierdie wêreld bevorder en soveel moontlik mense beïnvloed om hulle lewens daarvoor te gee. Dit ontsien geen moeite en koste om hierdie hartstog te bevredig nie.

In die Nuwe Testament is daar enkele uitsprake wat meer spesifiek is. In 1Ts 4:12-13 skryf Paulus oor Epafras wat in sy ywer vir sy mede-gelowiges gedurig vir hulle bid dat hulle "staande mag bly, geestelik volwasse en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God." In 2Kor 9:2 skryf Paulus oor die gemeente se ywer om die arm gelowiges in Judea te help, en oor die feit dat dit ook ander Christene aanspoor om by die hulpverlening betrokke te raak. Ywer vir die Here is dus aansteeklik – dit smeer af. In 2Kor 11:2 lees ons hoe Paulus hom beywer dat die Korintiërs vlekkeloos soos 'n bruid aan die Here toegewy sal wees.

Laat ons dus ons ywer toets. Want mens kan jouself so maklik mislei.

- Is my ywer volgens die waarheid? Die Jode het immers ywer gehad, maar sonder kennis. Dus, word my ywer gevoed deur die hele Godsopenbaring in sy balanse? En – uiters belangrik – is ek in pas met die historiese Christelike geloof? Ek is nie die eerste om die geloofswedloop te hardloop nie. Hy wat die lesse van die geskiedenis ignoreer, is gedoem om in al die slaggate van die vadere te val.

- Vloei my ywer vanuit suiwer motiewe? Weereens is die Fariseërs vir ons die rooi lig. Jesus

beskuldig hulle in Mt 23:15 dat hulle oor see en land trek om een bekeerling te maak, maar dat hulle hom dan twee maal so ryp vir die hel maak as hulle self. Godverheerlikende ywer en huigelagtigheid is twee dinge wat nooit saam op 'n bepaalde moment in een persoon kan bestaan nie.

- Word my ywer getemper deur die liefde? Laat ons nie gou die swaard optel soos Petrus nie. Laat ons altyd vrede met almal en die heil van almal najaag.

- Gaan my ywer gepaard met nederigheid, gebrokenheid en sagmoedigheid? Hiersonder is geen Christenskap naastenby wat dit moet wees nie.

Hoe kry ek meer ywer?

Elkeen van ons is verskillend. Party is van nature meer entoesiasties, ander meer flegmaties. Maar die oproep van die Skrif is duidelik: gegee ons persoonlikhede, moet een en elkeen op sy eie manier die geloofsywer nastreef. Per slot van rekening praat ons nie bloot van opgewonde entoesiasme nie; ons praat van 'n heilige en Geesgewerkte erns in die geloofswedloop.

Hoe moet ek dit dan najaag?

- Dit begin by 'n ingesteldheid, by 'n vasbeslote lewensprioriteit. Wil ek die Here behaag; Hom waarlik verheerlik; 'n lewe lei wat 'n verskil maak tot Sy eer?

- Tweedens gaan dit oor waarheidsteologie. 'n Afgewaterde goedkoop evangelie bevorder net eenvoudig nie Bybelse geloofserns nie. Maak dus seker dat die robuuste waarheid van die Skrif jou daaglikse dieet is, en veral dat dit die kos is wat jy Sondae inkry.

- Allerbelangrik is derdens die genademiddele. Sonder gereelde omgang met die Here deur Woord en gebed sal jy 'n vreemdeling bly vir ware

geloofsywer. Want dis iets wat die Heilige Gees in ons moet werk. Pleit weer en weer by die Here dat Hy aan jou sal gee wat Hy in jou wil hê.

- Vierdens is daar 'n wonderlike hulpmiddel wat ons veral vandag vrylik beskikbaar het: biografieë van die godsmanne en -vroue van die verlede. Laat hulle jou wys hóé; jou in die skande steek; jou aanvuur!

Slot

Hoe nodig het ons nie vandag Christene van ywer nie! Ja, daar is van hulle. Maar daar is te min. Tewens, baie van vandag se goeie kerkmense sou waarskynlik in Jesus se tyd Hom en Sy dissipels as fanaties uitgekryt het. Hulle sou meer tuis gevoel het in die geselskap van Annas, Kajafas, Pilatus, Herodus, Festus en Agrippa.

Nee, voordat ons nie "sug en kla oor al die afskuwelike dinge wat in die stad gebeur" nie, soos die godvrugtiges wat in Esegïel gemerk is nie (Eseg 9:4), het ons nog nie die ywer wat ons moet nie. Laat ons dus die Here elke dag daarom bid. Want, let op, slegs hulle is deur die Here gespaar die dag toe Hy gekom het om te oordeel.

Ek sluit af met 'n aanhaling van Spurgeon: "If by excessive zeal we die before reaching the average age of man, worn out in the Master's service, then glory be to God – we shall have so much less of earth and so much more of heaven."

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X 1, Northcliff, 2115.

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906